Onwaarskynlike elikser

deur Tom Dreyer, 2007

In hierdie reeks skaar Tom Dreyer hom by ’n eienaardige groepie: die self-eksperimenteerders, die navorsers en wetenskaplikes wat nie geskroom het om hul nuwe konkoksies en apparate op hulself te toets nie. Maar Tom is nog geheg aan liggaam en siel, en sy planne is meer beskeie. Glomailprodukte, kruie-remedies en boererate is waaraan hy in komende weke sy hand en lippe sal waag.

Die geskiedenis is vol voorbeelde van manne en vroue wat bereid was om die ekstra myl vir die wetenskap te loop, om letterlik hul eie lywe op die spel te plaas. ’n Mens dink aan Pierre en Marie Curie se intieme omgang met plutonium of aan die fisikus Edward Purcell, ontdekker van magnetieseresonansiebeelding, wat sy eie kop in ’n magnetiese klos gesteek het om te kyk wat gebeur.

Persoonlik het ek ’n sagte plekkie vir Karl Scheele, die Sweedse skeikundige wat, aldus Bill Bryson, die sonderlinge gewoonte gehad het om ’n bietjie van enige verbinding waarmee hy gewerk het, te proe. Hierdie stand van sake kon natuurlik nie onbepaald voortduur nie, en die dood het hom dan ook, op taamlik jeugdige ouderdom, by sy werkstafel kom haal. Vergun my om ’n laaste voorbeeld van hierdie soort wetenskaplike selfloosheid aan u voor te hou: Albert Hoffman, Switserse chemikus en ontdekker van lisergiensuurdiëtielamied (LSD). Hy het die aktiewe bestanddele in verskillende medisinale plante bestudeer, onder meer LSD, ’n stof wat uit ergot, ’n soort swam, gesintetiseer kon word.

Een middag, vroeg in 1943, is sy werk onderbreek deur “unusual sensations”, soos hy dit later in sy dagboek sou beskryf. ’n “[R]emarkable restlessness, combined with a slight dizziness” het van hom besit geneem, sodat hy huis toe is waar ’n “not unpleasant intoxicated-like condition” hom oorval het, kompleet met hallusinasies. In kort het Albert dié middag die wêreld se eerste acid trip beleef.

Nou, soos enige navorser met murg in sy pype kon hy nie die sakie net daar laat nie; hy was oortuig dat die bietjie LSD wat hy deur sy vingerpunte ingeneem het, verantwoordelik was vir sy sensasies en was toe nuuskierig om – in die belang van die wetenskap – te sien wat ’n ordentlike dosis sou doen. Op die 19de April het hy daad by die woord gevoeg, ’n dag wat later as Bicycle Day bekend sou word – ter herdenking van sy onvergeetlike fietsrit huis toe.

Alles in sy gesigsveld “wavered and was distorted as if seen in a curved mirror”; hy het getrap vir die vale, maar tog gevoel of hy stilstaan, en teen die tyd dat hy by die huis kom, was sy wêreld skrikwekkend getransformeer. Dit was asof hy binne-in ’n Dali-landskap was wat telkens geskommel en dan weer herrangskik is soos die skerwe kleur in ’n kaleidoskoop. “[F]antastic images surged in on me, alternating, variegated, opening and then closing themselves in circles and spirals, exploding in colored fountains, rearranging and hybridizing themselves in constant flux.”

Nou, wat ook al ’n mens van hierdie soort onbesonnenheid mag dink, jy kan amper nie anders as om respek vir hierdie manne en vroue se goetspa te hê nie. En dis ter nagedagtenis hieraan, en gedryf deur die nuuskierigheid wat húlle gedryf het, dat ek in hierdie reeks ’n paar goedjies sal probeer wat ’n mens normaalweg vermy.

Verstaan my mooi, ek is nie van plan om myself te vergiftig of te torring aan my brein se bedrading nie. My planne is meer beskeie, maar eweneens ontstellend. “Glomail-produkte, kruieremedies en boererate” is wat ek aan die By-redaktrise beloof het.

Skuins voor Kersfees, op ’n vakansieplaas digby Maltahöhe, herkou ek aan hierdie dinge, ek tob oor watter krui of remedie om eerste te probeer, en probeer onthou wanneer ek nou weer die eerste artikel beloof het, toe ’n samevloeiing van gesprekke nuwe momentum my planne gee.

DIT is ons gasheer wat die wiel aan die rol sit toe hy vertel van iets buitengewoon wat ’n paar maande tevore gebeur het. Hy was besig om ’n groep toeriste rond te wys, toe ’n gesuis hom laat opkyk: ’n ster het helder oordag verskiet, maar so laag en rokerig dat hy gedink het dat dit ’n stuk ruimterommel kon wees, dalk ’n leë tenk wat terugval aarde toe. “Dit het suisend verbygekom,” verduidelik hy terwyl hy die trajek met sy braaitang natrek, “en daar in die rigting van die koppies verdwyn. Dit het amper gelyk of dit daar kon geval het, maar ek kon niks daar kry nie.”

Ek het vroeër die aand twee Stroh Rums gedrink, maar selfs dit kon nie my skeptisisme stil nie. Boonop is ek, soos enige besoeker, versigtig dat ’n local dalk my been trek. Maar die man lyk doodernstig en van die ander kêrels om die vuur bevestig ook die storie.

Ek lig my oë na die sterre, maar dalk ’n bietjie te vinnig, want vir ’n oomblik sien ek ook ’n paar van daardie sirkels en spirale wat Albert daardie middag vergas het.

“Ja,” sê ’n karakoelboer nadat ons die storie van alle kante af deurgetrap het. “Daar gebeur ongelooflike goed in hierdie geweste. Vat nou maar die hoodia. Wie sou kon raai dat hierdie woestyn iets sou voortbring wat die dokters so op hol jaag?” Ek luister nie baie aandagtig nie, want ek weet immers lankal van die hoodia, daardie kaktus-agtige vetplant wat glo ’n eetlusdemper bevat wat al vir geslagte deur die Boesmans geëet word, soos die bokteler ons nou weer herinner.

Nie te ver van hier af nie groei daar selfs ’n hoodia in die padreserwe, maar ek was tot dusver te lui om daarna te gaan kyk. Maar nou, met ’n moontlike artikel in die visier, is ek skielik die ene vrae, maar ongelukkig het die gesprek klaar aanbeweeg na ’n volgende onderwerp: Boesmans in die algemeen.

“Hulle is fassinerend,” sê ons gasheer, wat benewens vleisbraaier ook ’n ywerige navorser van Namibiese geskiedenis is.

“En nou dat ons so oor hulle praat, en oor dinge wat uit die lug gekom het, ek weet nie of julle daai storie van die Boesmans en die anker ken nie.” Toe nie een van ons antwoord nie, sit hy die braaitang neer sodat hy albei sy hande het om mee te verduidelik.

“Dis die reine waarheid. In die ou dae, kort nadat die Duitsers hier aangekom het, het ’n groepie Boesmans skynbaar iewers suid van Walvis op ’n skeepsanker afgekom. Julle kan julle die opgewondenheid voorstel. Hulle moes altyd raap en skraap vir flentertjies yster, maar hier was skielik genoeg vir ’n leeftyd se pylpunte.

“Waar dit vandaan gekom het, het hulle nie aangestaan nie, en ook nie hoe swaar dit was nie.

“Dit kon maar dubbel so groot gewees het; daar was nie ’n manier dat hulle dit daar sou laat lê nie. Lawrence Green vertel in sy boek, Lords of the Last Frontier, hoe hulle dit, in aflosspanne, oor duin ná uitmergelende duin gesleep het. . .”

“Heel moontlik verfris deur hoodias langs die pad,” stel ek voor.

“Miskien,” beaam ons gasheer, maar kry dan ’n wasiger uitdrukking en lig sy oë na die heuwels wat ons omring.

“Maar die storie het ’n hartseer einde. Want in hierdie einste distrik – en julle weet hoe ver ons van die see af is – het ’n Duitse patrollie op hulle afgekom sodat hulle moes vlug en die anker net daar los.”

Hy draai sy nek om ook anderkant toe te kyk.

“Ek wens ek weet waar, want dit lê seker vandag nog daar.”

Ek kyk ook op na die rante, maar Stroh Rum is duidelik nie my speelmaat nie, want ek sien weer eens spirale, maar nou ook ’n paar skarrelende figuurtjies en op my tong is ’n smaak wat net hoodia kan wees.

Vroeg die volgende middag staan ek in die padreserwe na ’n knoets van stekelrige arms en kyk, ’n Onwaarskynlike elikser. Ek het my knipmes saamgebring, maar die ding lyk eenvoudig so onaptytwekkend, ek besluit om eers ’n bietjie daaroor op te lees. Op die internet vind ek uit dat die hoodia ook as die “Queen of the Namib” of die “Bushman’s Hat” bekendstaan en dat die Boesmans dit ook vir maagkrampe, tuberkulose en hoë bloeddruk gebruik.

Daar is glo ’n paar verskillende spesies, maar net Hoodia gordonii bevat die magiese eetlusdemper. Hierdie verbinding, met die onmagiese naam P57, kan skynbaar die brein op sonderlinge wyse mislei. Wanneer ons eet, styg ons bloedsuikervlakke; spesiale senuweeselle registreer dan daardie verhoging en gee ons ’n gevoel van versadiging.

Maar P57 kan hierdie reseptorselle flous en jou versadig laat voel selfs al het jy niks geëet nie – ’n waardevolle kulkunsie in ’n wêreld wat verswel onder vet. Die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR) het die

verbinding in 1996 gepatenteer en dit toe aan Phytopharm gelisensieer, wat op hul beurt met Pfizer saamgewerk het.

Op ’n meer twyfelagtige noot lees ek dat Pfizer onlangs hul navorsing laat vaar het, skynbaar vanweë probleme om die verbinding op groot skaal te vervaardig, en dat daar glo net twee erkende studies die effektiwiteit van hoodia rugsteun (een op rotte en een op menslike vrywilligers).

Ek volg nog ’n paar skakels, maar wanneer ek verdere waarskuwings teëkom, besluit ek dat ek nou genoeg navorsing gedoen het. Te veel informasie maak ’n mens in elk geval net deurmekaar. Ek staan op om my knipmes te gaan kry.

Die hoodia is so vol dorings dat ek dit liefs met ’n braaitang benader. Ek sny ’n stuk so groot soos ’n komkommer en verskaf heelwat vermaak aan die ander gaste toe ek dit by die plaas afskil. Hulle kyk verwonderd hoe ek ’n stukkie, wat ’n kopieskrywer moontlik as ’n bite-size chunk sou beskryf, na my lippe bring. Ek voel ’n bietjie soos ’n sjamaan met ’n skyfie heilige kaktus wat my vir ’n wyle in die wêreld van die voorvaders sal dompel.

Die smaak van hoodia is moeilik om te beskryf, nes die gevoel wanneer jy jou hand in ’n kombi-deur vasslaan moeilik is om te beskryf. ’n Spiertjie spring in my wang, my smaakkliere begin smeek om genade, want hierdie is ’n bitter wat nie eens die manne van Hunt Lascaris soet sal kan maak nie. Maar ek hou aan kou, want ’n mens moet partykeer opofferings maak vir die wetenskap – ek is seker nie alles wat Karl Scheele oor sy lippe gesit het was lekker nie – en buitendien sien ek nie kans dat soveel mense vir my lag nie.

“Is jy oukei?” vra ons gasheer toe ek dit oplaas afsluk, maar ek voel nog ’n bietjie te duiselig om te antwoord. Ek het al gelees dat die fakirs van Indië pyn gebruik om hul bewussyn van aardse dinge te verdoof, maar ek het nie geweet dat ’n smaak dieselfde kan doen nie. Toe ek weer heeltemal by is, gaan bêre ek die res van die hoodia, voor iemand dalk seerkry. Ek gaan haal ook my notaboekie, want dit het tyd geword om my resultate en gewaarwordinge op te teken. Ek maak my op die stoep tuis waar ek in die loop van die middag die volgende neerkrabbel:

12:20 – Hoodia gesluk. Kleur: groen. Smaak: ondergemiddeld.

12:45 – Nog min om te rapporteer. Ek voel nie juis honger nie, maar ek het ook nie juis honger gevoel vóór ek die hoodia geëet het nie.

13:15 – Hoodia het glo ’n ligte verkwikkende effek, maar al waarvan ek bewus is, is verveling, en ’n tikkie jaloesie oor al my voorgangers se lekker observasies.

13:30 – Son en stilte.

13:45 – ’n Hoender loop op die werf verby.

14:00 – 14:30 Die veraf koppies begin my interesseer en ek sukkel al meer om ons gasheer se vertelling uit my kop te kry. Wat is die kanse dat daar regtig ’n ding uit die ruimte daar lê, of die geroeste skelet van ’n anker?

Teen kwart voor drie besluit ek om my eksperiment te laat vaar. Ek’s keelvol en buitendien begin ek besef dat ek die hoodia vir weke of selfs maande sal moet gebruik voor my resultate enige wetenskaplike ruggraat sal hê. Dis ’n ontstellende vooruitsig, maar, wie weet, dalk help dit my nog van ’n bietjie wintervet ontslae raak.

Hoe dit ook al sy, ek kan nie ’n minuut langer op daai stoep deurbring nie en stap waenhuis toe om te gaan soek na die motorfiets waarvan ons gasheer my vertel het. Dis ’n Honda, ’n 250cc, maar nie meer vandag se kind nie, en kos my ’n kwartier se gesweet en gekarring om dit aan die gang te kry. Maar alles is die moeite werd toe ek die veld in ry vir ’n middag van vryheid en avontuur.

In die rivierlope – Duitse patrollies het graag in rivierlope langs gery – hou ek my oë oop vir enigiets ongewoon. Op die hoër veld dwaal my blik telkens na die kliprante waarteen iets wat teen ’n lae hoek uit die ruimte inkom die waarskynlikste sal vasslaan. Ek weet dis onsinnig, maar ek kan myself nie help nie, en die son lê al laag voor ek dink aan teruggaan.

Die son vang my dralende stof en laat my ’n skuinstetjie in die verkeerde rat aandurf. Die motorfiets ruk dood; my geswets laat ’n korhaan van die oorkantste rantjie af opvlieg. Ek skop die slinger, maar niks gebeur nie. Ek skop en skop tot die motorfiets flood en ’n running start al uitweg is.

Maar ek mik opdraande, en toe ek die Honda probeer omdraai kom ek agter hoe halsstarrig so ’n stuk yster kan wees, selfs al het dit wiele. Dit haak en gly en die uitlaatpyp druk ’n slag sissend teen my kuit. Ek wil spoeg van woede, maar dan val dit my by dat Albert net so moes gevoel het, daardie middag toe sy fiets nie wou roer nie, om nie eens van die stomme Boesmans te praat nie. “Moet alles in die wêreld dan moeilik wees?” vra ek hardop, maar raak dan stil toe ’n tweede gedagte my laat glimlag.

Naas hoodia het ek van vanoggend af nog nie nat of droog oor my lippe gehad nie, en dit tref my skielik dat ek glad nie honger is nie. Om die waarheid te sê, dink ek, terwyl ek die intense groen van daardie brokkie voor die gees probeer roep – ek het nog nie eens gedink aan kos nie.

- Oorspronklik verskyn in Volksblad